15.8 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE PRETORIA OOR NIE WINSGEWENDE ORGANISASIE (NPO) EN DIAKONIEË VAN DIE GKSA (Art 204)

A. Die Sinode gaan in camera.
B. Diaken K Kruger stel die beskrywingspunt.
C. **Besluit:** Die beskrywingspunt word verwys na die Regsdeputate.

D. **BESKRYWINGSPUNT**

1. Beskrywingspunt

Dat die direksie van die Nie Winsgewende Organisasie (*Non Profitable Organization*, voorheen Artikel 21-maatskappy), wat aan die SDDS gekoppel is, deur die lede van die diakonale ledevergadering ingevolge die Konstitusie vir Tehuise soos goedgekeur deur Sinode 2006 (Acta 2006:158-162), aangewys word.

2. Motivering

2.1 'n Artikel 21 Maatskappy is op 15 Augustus 1947 geregistreer met die bedoeling volgens die Akte van Oprigting dat die Direksie van die maatskappy die bates van die diakonieë van die GKSA moet bestuur. Op 6 Julie 1984 is dieselfde maatskappy geherregistreer met 'n sertifikaat van verandering van die naam van die maatskappy. Die direksielede is by die Registrateur van Maatskappy onder registrasie 1947/026814/08 aangedui as die lede van die SDDS, die twee hoofde van die kinderhuise asook die skakeldeputaat.

2.2 In enige demokratiese bestel word die Wetgewende Gesag en die Uitvoerende Gesag geskei en hierdie beginsel word in die administrasie van so 'n land toegepas. Die bedoeling vir die stigting van 'n Artikel 21 maatskappy (in terme van nuwe wetgewing *Nie Winsgewende Organisasie*) was sekerlik ook ingedagte deur die beheer te setel in die SDDS en die uitvoering in die direksie van die Artikel 21 Maatskappy. Die reël is egter versteur deurdat die dieselfde lede van die SDDS benoem is as direksielede en ook die amptenare op die uitvoerende vlak.

2.3 Hierdie saak kan ordelik reggestel word deur die lede van die SDDS en die direksielede van die Nie Winsgewende Organisasie behoorlik van mekaar te onderskei en skei.

Besluit: Die beskrywingspunt word verwys na die Regsdeputate.